Vrydag **1 November**
**Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35**
**Fokusgedeelte: Matteus 18:35**
**Een van die gewigtigste sake in ons godsdiensbeoefening is die Here se eis dat ons mekaar sal vergewe**
Oor die omvang van die eis om te vergewe het Petrus die Here uitgevra (vs 21). Hierop antwoord ons Here dat as ’n gelowige na jou toe kom en om vergifnis vra, jy dit nie mag weier nie – ook nie eens na ’n hele aantal kere nie (vs 22).
Om die omvang van God se vergifnis wat in sy verbondsvolk weerspieël moet word, te verduidelik, vertel Jesus die gelykenis van die onvergewensgesinde dienskneg:

- Die dienskneg se skuld was oorweldigend groot.
- Hy pleit om genade en barmhartigheid word bewys.
- Sy skuld is deur sy skuldeiser gekanselleer.
- Hy is onvoorwaardelik vergewe!

Die dienskneg se fout was dat hy, nadat hy vergewe is, nie ’n mededienskneg se geringe skuld wou vergeef nie.
Die dienskneg het geweier om die deernis wat sy heer hom betoon het, te weerspieël en gevolglik is hy in verskriklike ellende gewerp.
Ten slotte lees ons die les van die gelykenis: *So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie* (vs 35).
God het ons in Christus van ons onberekenbare sondeskuld vergewe (Kol. 2:13-14). Hy onthou nie ons sonde nie (Ps. 103:12).
Nou eis God van ons om dieselfde te doen. Ons is uit genade, sonder verdienste, volmaak en volledig deur God in Christus vergeef van ons onmeetbare groot sondeskuld teen Hom. Ons moet nou soos die kinders van die Here wat ons geword het, optree deur ons broers en susters van harte te vergewe. So weerspieël ons die liefde en deernis wat ons van ons hemelse Vader ontvang het.
*Sing: Psalm 32-1:1, 3*
*Dr. JD (Juan) Mienie (Zeerust)*